**11 Julie** **Skrifgedeelte: Matteus 10:5-15**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:7**

## Ons Koning regeer

Ons Here Jesus Christus stuur hier sy dissipels uit op huisbesoek. Israel was op grond van die Here se verbondsbeloftes in afwagting op die koms van die Gesalfde Koning, die Messias, wat God sou stuur om sy volk te lei. Nou stuur die Messias sy dissipels na die verbondsvolk met die blye boodskap (evangelie) dat die koninkryk wat aan hulle verkondig is, nou naby gekom het. Die woord *naby* word gebruik omdat die Here Jesus nog nie die troon bestyg het nie. Sy pad na die troon moes eers oor Golgota en deur die graf loop. Die oorwinning was egter seker en daarom kon die dissipels se boodskap ondersteun word met tekens van die mag en gesag van die Messias-Koning.

Intussen het ons Koning reeds met sy Hemelvaart die troon bestyg. Ongelukkig is ons geneig om te vergeet dat Hy regeer en dat ons as burgers van sy koninkryk eintlik vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld is. Daarom stuur Hy steeds sy ampsdraers om te gaan huisbesoek doen met die evangelie: “Jy is ’n koninkryksburger. Wees daarom gehoorsaam aan jou Koning met jou hele lewe!”

Die ampsdraers kom in opdrag van die Koning in jou huis en bedien aan jou sy vrede. Ontvang hulle met vreugde en gehoorsaamheid, en die vrede van God sal met jou wees. As jy jou egter verset teen die wil van die Koning, sal sy vrede ook in ons tyd van jou huis onttrek word.

*Sing: Psalm 45:1, 16 (Totius)* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*